



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

DRAMATIESE KUNSTE

2023

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 38 bladsye en 2 bylaes.

ALGEMENE AANTEKENINGE VIR DIE HOOFNASIENER EN NASIENERS

1. Die doel van assesserings-/ eksamenprosesse is nie net om die 'memorisering' van kennis wat onderrig en geleer is te bepaal nie, maar ook om die kompleksiteit van die denkproses wat die kandidaat toepas op die kennis wat uit die geheue herwin is, te bepaal.
2. Die instrument wat gebruik word om hierdie twee komponente te assesseer, is Anderson en Krathwohl se hersiene Bloom se Taksonomie.
 - 6 kognitiewe moeilikheidsvlakke
 - 4 kompleksiteitsdenkprosesse
3. Gebruik die eerste dag om die kwaliteit en hoeveelheid bewyse in die nasienriglyne te evalueer, die vereiste antwoorde te standaardiseer en om algemene definisies en begrippe te vind. Assimileer die:
 - Verwagte antwoorde op elke vraag
 - Die kognitiewe moeilikheidsvlak vereis van die kandidaat
 - Die tipe denkproses en -kompleksiteit wat van die kandidaat verwag word
 - Aksiewerkwoorde gebruik by elk van die kognitiewe vlakke en die tipes bewyse vereis (feite, konsepte, prosesse en denke)
4. Maak 'n duidelik regmerk langs die vereiste aspek van kognitiewe vlak/ denkproses kompleksiteit/ konsep/ inhoud/ vaardighede/ kennis wanneer 'n punt toegeken word. Nasieners moet aktief betrokke raak by die antwoord
 - Verwys na die rubrieke aan die einde van die nasienriglyne.
5. As die nasienriglyn nie duidelike riglyne verskaf nie, moet 'n nasiener, met kort kommentaar, aandui waarom punte toegeken moet word of nie.
6. Daar moet gedurende die nasienproses etlike konsultasierondtes wees om te verseker dat nasien gestandaardiseer is.
7. Merk holisties.
8. Waar 'n kandidaat meer as die voorgestelde getal woorde geskryf het, moet hy/ sy nie gepenaliseer word nie (bv. opstelvraag).
9. Sien globaal na, waar moontlik. Nasieners aanvaar enige korrekte, relevante en goed gemotiveerde antwoorde.
10. Nasieners moet seker maak dat die kandidate se antwoorde ooreenstem met die KABV-dokument se Breë Onderwerpe en Onderwerpe (konsepte, vaardighede en kennis) en met die spesifieke vraag gevra.

STANDAARDISERING VAN NASIEN IN AL DIE PROVINSIES

Nasien van Opstel- en Antwoordvrae

Die Hoofnasiener in elke provinsie moet die paradigma waaruit die vrae en die bygaande nasienriglyne ontwerp en opgestel is, verstaan:

- 1. Item(vraag) en Inhoudsmoeilikhedsgraad:** Hoe kompleks is die ontwerp van die vraag? Word die inhoud op die korrekte vlak geassesseer?
- 2. Taak (antwoord)/ moeilikhedsgraad:**
Wat is die kognitiewe vlak en denkproses wat van die kandidaat verwag word?
- 3. Stimulusmoeilikhedsgraad:**
Hoe moeilik of maklik is dit om die bron te verstaan en toe te pas?
- 4. Moeilikhedsgraad van die antwoord wat verwag word:**
Wat is die hoeveelheid/ aantal (hoeveel) en gehalte/ kwaliteit (hoe goed) van die verwagte antwoord wat van die kandidaat vereis word, soos in die nasienriglyne gegee? Hoeveel inhoud en feite NIE hoeveel skryfwerk 'n kandidaat gedoen het nie. Is dit in lyn met die item, taak en stimulus?
Is die punte toepaslik toegeken en geweeg?

Leong: 2002

Wanneer nasieners aan die begin van die nasienproses opgelei word moet die Hoofnasiener en Interne Modereerder in elke provinsie die volgende prosedure volg. Dit sal help met die standaardisering van die puntetoekenning van kandidate se opstelle en antwoorde vir elke deel van die eksamen. Dit sal ook nasionale nasienprosedures, -prosesse en -uitslae standaardiseer.

Inleiding tot die taak (vraag)

- Die nasieners moet lees wat die taak is wat deur die vraag vereis word en dit opsom
- Die nasieners moet die nasienriglyne lees
- Die nasieners moet alternatiewe antwoorde deel
- Verwagtinge vir kandidaatantwoorde moet opgesom word
- Moenie net die hoeveelheid bewyse (hoeveel inhoud verskaf) deel nie, deel ook die gehalte/ kwaliteit van die bewyse.
- Die nasieners moet assesseer hoe goed die vraag beantwoord is

Inleiding tot die rubriek

- Die nasieners moet die rubriek met verwysing na die vraag hersien
- Die nasieners moet prosedures vir die toeken van holistiese punte (d.i. deur bewyse van die antwoord by die taal van die rubriek te pas en deur alle eienskappe ewe veel te laat weeg) hersien
- Die opleiers moet leiding gee in die hersiening van elke vraag en die ooreenstemmende rubriek

Oefen om individueel na te sien

- Die nasieners moet 'n stel opleidingskrifte individueel en onafhanklik nasien
- Die opleiers moet die punte aanteken en die bespreking lei. Die opleidingskrifte moet die punte en kommentaar bevat

AFDELING A: 20^{ste}-EEUSE TEATERBEWEGINGS**VRAAG 1**

Die volgende is 'n riglyn:

Die kandidaat moet:

- Hierdie vraag in die vorm van 'n opstel beantwoord
- Na die toneelstuk wat bestudeer is, verwys, bv. karakters, temas, boodskappe
- Na enige EEN van drie teaterbewegings as die konteks verwys:
 - Teater van die Absurde OF
 - Epiese Teater OF
 - Postmoderne Teater
- Na die bronmateriaal in die antwoord verwys
- Na die vraag in hulle antwoord verwys
- Toon dat die vraag en bron in sy/ haar opstel verstaan, ontleed, toegepas, geëvalueer en geïntegreer is
- Kontekstualiseer en onthou kennis wat soos 'n papegaai aangeleer is in 'n oorspronklike antwoord wat feitelike, konseptuele, prosedurele en metakognitiewe denke vertoon

Nasieners moet die volgende in ag neem:

- Kandidate moet toon dat die bogenoemde verstaan, krities ontleed en in hulle opstel toegepas is.
- Die rubriek is 'n riglyn vir die nasiener om die volgende te assesser:
 - Kognitiewe prosesse (onthou, verstaan, toepas, ontleed, evalueer en skep)
 - Kompleksiteit van denke deur die kandidaat getoon (feitelik, konseptueel, prosedureel, metakognitief)
- Neem alle vlakke, elemente en instruksies van die vraag in ag wanneer die opstel nagesien word.
- Om 'n regverdige, geldige en betroubare punt toe te ken, moet nasieners vaardig wees in die betekenis en toepassing van Krathworth en Anderson se Aangepaste Bloom se Taksonomie, asook die ontwerp, doel, gebruik en toepassing van 'n rubriek se:
 - Kriteria
 - Vlakbeskrywers
 - Woordbeskrywers
 - Aksiewerkwoorde
 - Kognitiewe vlakke
 - Denkprosesse
- Nasieners moet streng opgelei word oor hoe om al ses kognitiewe vlakke asook die vier denkprosesse te gebruik en toe te pas om die kandidate se prestasievlakke te meet.

BESKRYWER	PUNTE	DIE KANDIDAAT SE ANTWOORD TOON 'N VERMOË OM:
Uitstaande Metakognitiewe Skep	27–30 90–100% A+	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlak en denkproses: Skep, ontdek, vernuwe, verander op 'n uitstaande wyse met metakognitiewe denke oor die inhoud • Argument: Skep 'n nuwe, unieke en gedifferensieerde argument wat refleksiewe, kreatiewe, kritiese en analitiese denke op 'n uitstaande vlak toon • Die dramatiese beweging, toneeltekst, vraag en bron: Gebruik en kontekstualiseer uitstaande bykomende bronne uit die toneeltekst en die teaterbeweging op 'n uitstaande wyse. Voorbeelde kom uit die toneeltekst en die teaterbeweging binne 'n omvattende reeks insiggewend gekose inhoud
Uitstekend Metakognitiewe Evalueer	24–26 80–89% A	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlak en denkproses: Beoordeel, lewer kritiek en evalueer op 'n uitstekende manier met metakognitiewe denke oor die inhoud • Argument: Stel 'n argument volgens 'n interessante patroon wat bewyse toon van refleksiewe, kritiese en analitiese denke op 'n uitstekende vlak • Die dramatiese beweging, toneeltekst, vraag en bron: Gebruik en kontekstualiseer uitstaande bykomende bronne uit die toneeltekst, die teaterbeweging op 'n uitstekende wyse. Voorbeelde kom uit die toneeltekst, die teaterbeweging binne 'n omvattende reeks toepaslik gekose inhoud
Verdiensielik Prosedurieël Ontleed	21–23 70–79% B	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlak en denkproses: Maak gevolgtrekkings, dekonstrueer konsepte, ontdek op 'n verdienstelike wyse; met proseduredenke oor die inhoud • Argument: Stel 'n argument wat kritiese en analitiese denke op 'n verdienstelike vlak toon • Die dramatiese beweging, toneeltekst, vraag en bron: Gebruik en kontekstualiseer voorbeelde uit die toneeltekst, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n omvattende reeks toepaslik gekose inhoud
Weselik Prosedurieël Toepas	18–20 60–69% C	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlak en denkproses: Pas toe, konstrueer, integreer op 'n wesenlike vlak met proseduredenke oor die inhoud • Argument: Stel 'n argument wat kritiese en analitiese denke op 'n wesenlike vlak toon • Die dramatiese beweging, toneeltekst, vraag en bron: Integreer voorbeelde uit die toneeltekst, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n wesenlike reeks gekose inhoud
Voldoende Konseptueel Begrip	15–17 50–59% D	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlak en denkproses: Interpreteer, illustreer, klassifiseer op 'n voldoende vlak; met konseptuele denke oor inhoud • Argument: Stel 'n argument wat begrip en konseptualisering van kennis op 'n voldoende vlak toon • Die dramatiese beweging, toneeltekst, vraag en bron: Verskaf voldoende voorbeelde uit die toneeltekst binne 'n algemene reeks voorspelbare inhoud
Gemiddeld Konseptueel Begrip	12–14 40–49% E	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlak en denkproses: Verduidelik op 'n gemiddelde vlak; met konseptuele denke oor inhoud • Argument: Stel 'n argument wat 'n verduideliking en denke op 'n gemiddelde vlak toon • Die dramatiese beweging, toneeltekst, vraag en bron: Gebruik 'n paar voorbeelde uit die toneeltekst, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n beperkte en gemiddelde reeks inhoud
Elementêr Feitlik Onthou	10–11 30–39 F	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlak en denkproses: Identifiseer, noem, definieer op 'n elementêre vlak; met feitelike denke oor die inhoud • Argument: Stel 'n argument wat denke op 'n elementêre vlak toon • Die dramatiese beweging, toneeltekst, vraag en bron: Kies slegs 'n paar voorbeelde uit die toneeltekst, die teaterbeweging of ander bykomende bronne
Nie Behaal Nie Feitlik Onthou	1–9 20–29% G	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlak en denkproses: Op 'n beperkte vlak identifiseer, noem; met beperkte feitelike denke oor inhoud • Argument: Stel 'n argument saam wat feite op 'n voorspelbare beperkte vlak toon • Die dramatiese beweging, toneeltekst, vraag en bron: Verskaf idees of inligting, maar op 'n beperkte vlak
Nie Behaal Nie Feitlik Onthou	0 0 – 19% H	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlak en denkproses: Baie min of geen inligting nie. Kan nie gedagtes in woorde uitdruk nie. • Argument: Onvermoë om 'n opstel saam te stel; te identifiseer, noem, in verband te bring en om genoeg feite te verskaf • Die dramatiese beweging, toneeltekst, vraag en bron: Geen bewyse van enige feitelike kennis nie

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

VRAAG 2: WOZA ALBERT! DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

2.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n kennis en begrip van die teaterstyl van die toneelstuk demonstreer.

Die volgende is 'n riglyn:

- Ken twee punte vir die korrekte antwoord toe.

Die teaterstyl kan wees:

- Werkswinkelteater OF
- Protesteater OF
- Arm/ Gestroopte Teater

(2)

2.2 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip van die doelwitte van Protesteater/ Werkswinkelteater of Arm/ Gestroopte teater toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee stellings wat met die doelwitte van Protesteater/ Werkswinkelteater of Arm/ Gestroopte teater verband hou

Die volgende is 'n riglyn:

Die doelwitte van Protesteater tydens apartheid was:

- Opvoeding van mense beide in Suid-Afrika en oorsese oor die rassisme, onderdrukking en diskriminasie in Suid-Afrika van die swart mense deur die destydse wit regering
- Weerspieël swart Suid-Afrikaners se kulturele ervarings binne die konteks van apartheid
- Protesteer teen swart mense se onderdrukking en rassiediskriminasie
- Aanmoediging van weerstand teen hierdie onderdrukking deur die onderdrukte aan te moedig om op te staan en terug te veg
- Lewer kommentaar op die verdeling binne die samelewing en beklemtoon die verskil die samelewing, bv. wit mense kon besighede besit, maar swart mense is verbied om dit te doen
- Ontlokking van 'n emosionele reaksie by die gehoor deur mense se woede en hartseer te gebruik en hulle aan te moedig om teen die onderdrukking te protesteer
- Bemagtiging van mense om die onderdrukte se opgelegde denke en gedrag sowel as hulle eie selfopgelegde beperkings af te leer

(2)

- 2.3 Nasieners aanvaar antwoorde wat 'n kennis en begrip van die teater-elemente van die produksie, soos deur Bradley Adams geresenseer, toon

Ken volpunte toe vir:

- Vier aparte teater-elemente

Die volgende is 'n riglyn:

Die teater-elemente van die produksie van *Woza Albert!* wat Bradley Adams geresenseer het, is:

- Karakterisering
- Mimiek
- Fisiese teater
- Dans
- Sang
- Ideofone

(4)

- 2.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n ontleding en toepassing demonstreer van hoe die ongeregthede van apartheid in die toneelstuk *Woza Albert!* voorgestel word.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die ongeregthede van apartheid word voorgestel deur:

Paswette:

- Swart mense was verplig om te alle tye 'n pasboek of 'dompas' op hulle persoon te dra
- Versuiming om dit te doen, sou tronkstraf deur die apartheidspolisie tot gevolg hê, bv. in die eerste toneel word die musikant opdrag gegee om sy pasboek te toon en wanneer hy nie kan nie, mag hy dalk gevange geneem word

Die gebrek aan vryheid:

- Die apartheidstaat het swart mense uit sekere gebiede verban en hulle kon net in gebiede woon wat deur die wit regerende regering goedgekeur is
- Die vryheid om te werk, reis en woon waar hulle wou, is aan swart mense geweier a.g.v. wette soos die Groepsgebiedewet, bv. hulle bewegingsvryheid is beperk omdat hulle slegs binne die gebiede wat in hul pasboek/ dompas gestipuleer is, kon reis, bv. Die toneel in Coronation-steenwerf waar Baas Kom aan Zuluboy opdrag gee om vir hom sy paspoort te bring om afgeteken te word. Baas Kom dank Zuluboy af omdat hy terugpraat

Polisiebrutaliteit/ -wreedheid:

- Die apartheidsregering het brutale wette geskryf en afgedwing, bv. die Wet op Afsonderlinge Ontwikkeling
- Die behandeling van swart mense deur die polisiemag was onmenslik. Die polisie sou mense ondervra, slaan, arresteer, aanhou en martel vir eenvoudige dinge soos om nie hulle pasboeke te dra nie, bv. die inhegtenisneming en daaropvolgende bomaanval op Morena deur die polisie

Werkloosheid/ Uitbuiting:

- Swart mense moes 'n pasboek hê om in diens geneem te word. Pasboeke moes gereeld hernu word. Hierdie genadelose stelsel het daartoe gelei dat die meerderheid swart mense werkloos was, bv. die toneel wat by Albertstraat afspeel waar swart mans tougestaan het om hulle werkspermitte op datum te bring omdat hulle nie sonder 'n permit kon werk nie, bv. In Coronation-steenwerf waar die werkers oorwerk is en te min betaal is. Hulle het in klein beknopte 'sink' huisies gewoon. Die bakstene is gebruik om groot huise vir klein, wit gesinne te bou, terwyl swart gesinne te veel mense in klein huisies was

Armoede:

- Swart mense is nie toegelaat om besighede te besit of te bestuur nie. Hulle is gedwing om vir wit mense te werk
- Hulle is swak betaal en kon slegs vir onbelangrike werk aansoek doen
- Met die groot aantal werklose mense en die geringe salarisse wat verdien is deur diegene wat in diens was, was daar diepe en pynlike armoede, bv. Aunty Dudu wat in dromme vir kos soek

Onderwys:

- Die apartheidstaat het nie genoeg skole of onderwysers vir swart mense voorsien nie
- Die fasiliteite en infrastruktuur wat deur die wit regerende regering verskaf is, was onvoldoende om doeltreffende onderwys te lewer
- Leerders is gedwing om in 'n taal te leer wat nie hulle moedertaal was nie
- Leerders is gedwing om oor die kultuur van die wit onderdrukker te leer
- Dit het daartoe gelei dat opvoedkundige beginsels en konsepte verkeerd verstaan is of irrelevant was vir swart mense en hulle kulture
- Dit het leerders gedwing om te staak en skole te boikot, wat gelei het tot 'n gebrek aan onderwys vir baie, bv. Die karakter van die vleisverkoper wie se wens dit was om skool toe te gaan in plaas van om vleis te verkoop

Aanbieding

- 'n Bespreking van die aanbieding van die teks mag aanvaar word indien die antwoorde korrek is en ooreenstem met die vraag en bron

(6)

- 2.5 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip van die werkswinkel-proses van die toneelstuk demonstreer wat met 'n sentrale idee begin het en daaruit ontwikkel het. Nasieners aanvaar die verskillende inhoudsbronne wat deur die verskillende provinsies gebruik word. Sommige provinsies leer daar is vyf fases en ander leer daar is ses fases vir die werkswinkelproses.

Ken volpunte toe vir:

- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die werkswinkelproses van *Woza Albert!* het deur die volgende fases ontwikkel:

Idee:

- 'n Idee het ontstaan toe Mbongeni Ngema en Percy Mtwá godsdienstige liedere op 'n bus gesing het en by 'n grenspos deur die Suid-Afrikaanse Polisie aangehou is
- Hulle het vorendag gekom met die idee van wat sou gebeur as Morena (Jesus Christus) na 'n apartheid Suid-Afrika sou terugkom
- Hierdie idee en vraag het die basis van die toneelstuk gevorm

Navorsing:

- Mbongeni Ngema, Percy Mtwá en Barney Simon het die Bybel bestudeer as 'n manier om navorsing oor Jesus te doen en Hom te verstaan, want Hy sou die hoofkarakter in hulle toneelstuk wees
- Hulle het onderhoude gevoer met mense van die townships wat hulle drome, aspirasies en verwagtinge gedeel het, as Morena sou terugkom
- Hulle het ook 'n paar van hulle persoonlike ervarings gebruik om die toneelstuk, intrige, temas en karakters toe te lig
- Hulle het waargeneem hoe mense opgetree het en die karakters in die toneelstuk op hierdie mense gebaseer

Improvisasie:

- Daar is met tonele geëksperimenteer deur die gebruik van improvisasie.
- Deur hierdie improvisasie is die beste tonele gekies.

Keuring/ Seleksie:

- Die skeppers het die mees relevante tonele gekies en ander uitgegooi
- Die geselekteerde tonele is geredigeer en verfyn

Redigering/ Verfyning:

- Die toneelstuk is vir gehore binne en buite die grense van Suid-Afrika opgevoer

Opname/ Opvoer:

- Die toneelstuk is gesamentlik deur Barney Simon, Percy Mtwá en Mbongeni Ngema geskryf.

(6)

- 2.6 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip en evaluering van die belangrikheid van die karakter Morena in die toneelstuk demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Morena is 'n belangrike karakter want hy:

- Verteenwoordig die Christus-figuur wat die onderdrukte mense van Suid-Afrika inspireer om te betoog en op te staan vir hulle vryheid, menseregte en waardigheid
- Simboliseer liefde, vryheid en menswaardigheid wat aan die meeste onderdrukte Suid-Afrikaners tydens Apartheid ontsê is
- Is die verlosser van die onderdrukte massas omdat hy vryheid verteenwoordig het
- Bevry mense omdat hy hulle opdrag gee om hulle pasboeke weg te gooi en hulle aanmoedig om te veg vir hulle regte en gelykheid
- Wek die struggle-helde op sodat hulle kan help om apartheid, wat slegs 'n paar uitverkorenes bevoordeel het, te beëindig
- Is in staat om die onderdrukkers se planne te vernietig deur diegene wat onderdruk word, te bevry
- Word deur die apartheidsregering as 'n bedreiging/terroris beskou
- Is die sentrale figuur van die toneelstuk. In eerste helfte van die toneelstuk fokus op die verwagting van sy aankoms. Daarna volg sy aankoms in Albertstraat, sy daaropvolgende leierskap, arrestasie, dood en oproep van die struggle-helde

(4)

- 2.7 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip, ontleding en evaluering demonstreer van hoe die toneelstuk steeds verontwaardiging, solidariteit en aksie kan inspireer.

Die volgende is 'n riglyn:

Die toneelstuk het steeds die mag om te inspireer:

Verontwaardiging:

- Die situasies wat in die toneelstuk aangespreek word, is steeds relevant in vandag se samelewing omdat mense steeds kwaad is oor dieselfde kwessies as dié wat in die toneelstuk *Woza Albert!* aangespreek is, bv. armoede, haweloosheid, rassisme en diskriminasie
- Soortgelyk aan die vleisverkoper in die toneelstuk is daar vandag nog kinders wat nie kan skool toe gaan nie omdat hulle ouers nie die skoolgeld kan bekostig nie
- Die werkloosheidsyfer styg ondanks die regering se beloftes van werkskepping
- Daar is 'n hoë koers van verstedeliking, met mense van die landelike gebiede wat na die stedelike gebiede gaan, op soek na werk en beter lewensomstandighede
- Verstedeliking het die afbreek van die tradisionele gesinstruktuur tot gevolg en lei tot oorbevolking en ander sosiale euwels soos dwelmmisbruik, geslagsgebaseerde geweld, ens.

Solidariteit:

- Gemeenskappe word aangemoedig om bymekaar te kom en hulle ontevredenheid oor huidige sosiale ongeregtighede uit te spreek, bv. swak lewensomstandighede
- Die toneelstuk roep steeds mense se emosies op en moedig hulle aan om op te staan en terug te veg om volkome vryheid, erkenning van hulle menseregte en respek vir hulle waardigheid te bereik
- Jonk en oud word geïnspireer om saam te werk vir 'n beter toekoms

Aksie:

- Selfs vandag kom massas mense steeds bymekaar om te staak teen hoë lewenskoste, swak dienslewering, werkloosheid, ens.

(6)

2.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip, ontleding, toepassing en evaluering demonstreer van hoe om 'n produksie van *Woza Albert!* te skep om dit dramaties effektief en meer opwindend te maak.

Die volgende is 'n riglyn:

Die produksie kan dramaties effektief en opwindend wees indien:

- Akteurs/ Opvoerders oor 'n wye reeks vaardighede van die kuns beskik en kan toepas, soos sang, dans, toneelspel, mimiek, ens. Daar is 26 tonele en slegs twee akteurs op die verhoog regdeur die toneelstuk om die baie uiteenlopende karakters en tonele uit te beeld
- Daar dinamiese interaksie tussen die karakters en gehoorlede is
- Akteurs hulle eie stemme kan gebruik om te sing en byklanke te maak, bv. geluid van 'n vragmotor, trein, ens.
- Daar interaksie tussen die akteurs kan wees soos hulle hul karakters vertolk
- Die akteurs fisies en vokaal op die verhoog kan transformeer
- Toepaslike gebare en bewegings deur die akteurs gebruik word
- Beligting op 'n kreatiewe manier gebruik kan word, bv. 'n lig wat fokus op die grafsteen waar Morena slaap
- Baniere en slagspreuke gebruik kan word om die gevoelens en emosies van die akteurs uit te beeld
- Vlakke gebruik kan word om die ruimte meer dinamies te maak, met die fokus op spesifieke akteurs of aksies
- Vertolkingsenergievlakke hoog is en die karakters goed uitgebeeld word

(10)
[40]

VRAAG 3: SOPHIATOWN DEUR DIE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

3.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n kennis en begrip van die teaterstyl van die toneelstuk demonstreer.

Die volgende is 'n riglyn:

- Ken twee punte vir die korrekte antwoord toe.

Die teaterstyl kan wees:

- Werkswinkelteater OF
- Township-musiekblyspel OF
- Protesteater OF
- Hibriede Teater: 'n Mengsel van style, insluitend Realisme in die Teater, musiek, dans, ens.

(2)

3.2 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip van die doelwitte van Protesteater/ Werkswinketteater/ Township-musiekblyspel of Hibriede teater toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee stellings wat met die doelwitte van Protesteater/ Werkswinketteater/ Township-musiekblyspel of Hibriede teater toon.

Die volgende is 'n riglyn:

Die doelwitte van Protesteater tydens apartheid was:

- Opvoeding van mense beide in Suid-Afrika en oorsese oor die rassisme, onderdrukking en diskriminasie in Suid-Afrika van die swart mense deur die destydse wit regering
- Weerspieël swart Suid-Afrikaners se kulturele ervarings binne die konteks van apartheid
- Protesteer teen swart mense se onderdrukking en rassiediskriminasie
- Aanmoediging van weerstand teen hierdie onderdrukking deur die onderdrukte aan te moedig om op te staan en terug te veg
- Lewer kommentaar op die verdeling binne die samelewing en beklemtoon die verskille in die samelewing, bv. wit mense kon besighede besit, maar swart mense is verbied om dit te doen
- Ontlokking van 'n emosionele reaksie by die gehoor deur mense se woede en hartseer te gebruik en hulle aan te moedig om teen die onderdrukking te protesteer
- Bemagtiging van mense om die onderdrukte se opgelegde denke en gedrag sowel as hulle eie selfopgelegde beperkings af te leer

(2)

3.3 Nasieners aanvaar antwoorde wat die teater-elemente van die produksie identifiseer, soos deur Lebo Ntshingila geresenseer.

Ken volpunte toe vir:

- Vier aparte feite

Die volgende is 'n riglyn:

Die teater-elemente van die produksie van *Sophiatown* wat Lebo Ntshingila geresenseer het, is:

- Die ongeïnspireerde lees van die toneelstuk
- Die vervelige, lewelose toneelspel
- Die gebrek aan vertelling
- Geen musiek en dans nie
- Die lewelose karakters wat geen opvoeringsenergie het nie
- Die akteurs wat bloot gesit en hulle woorde opgesê het
- Die gebrek aan baniere en slagspreuke

(4)

3.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n ontleding, toepassing en evaluering demonstreer van hoe die ongeregthede van apartheid in die toneelstuk, *Sophiatown*, voorgestel word

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die ongeregthede van apartheid word voorgestel deur:

Gedwonge verskuiwings:

- Die apartheidsregeringswette soos die Groepsgebiedewet het gebiede volgens ras toegewys. As jy van 'n ras, anders as die wit ras sou wees, sal die regering van die dag jou met geweld verwyder het van grond wat aan wit mense toegeken is
- Die gebiede wat vir vernietiging geïdentifiseer is, was dié waar mense van gemengde rasse geleef het, bv. in *Sophiatown* het verskillende rasse in harmonie saamgeleef
- Stootskrapers het opgedaag en alle geboue, kerke en huise vernietig.
- Mense is met geweld uit hulle huise verwyder en op vragmotors gelaai om afgelaai te word in gebiede wat deur die regering toegewys is om die verskillende rasse te skei
- Die meeste van hierdie gebiede het geen infrastruktuur gehad nie, was ver van stede af en het dikwels geen hulpbronne gehad nie
- Hierdie brutaliteit het gebroke huise, ongekende hartseer, terreur en trauma veroorsaak vir die mense wat in *Sophiatown* gewoon het

Betogings:

- Daar was beplande betogings deur die mense om die gedwonge verskuiwings teen te staan
- Die betogings het egter nie gerealiseer nie omdat die regering die polisiemag en die stootskrapers drie dae vroeër gestuur het as die datum wat aan die mense in *Sophiatown* oorgedra is

Verwyder die stem van die mense:

- Die hulpkrete van die mense van Sophiatown om in hulle eie huise te bly woon, is deur die apartheidge regering geïgnoreer.
- Stootskrapers het huise vermorsel en trokke het mense gewelddadig weggeroep en verwyder.

Rasse- en kulturele diversiteit is nie toegelaat nie:

- Sophiatown was 'n lewendige multikulturele en veelrassige gebied.
- Die gemeenskap van mense het die verskillende rassegroepe, tale, kulture en gevierde diversiteit aanvaar.
- Die wit apartheidge regering het rasse en mense gewelddadig van mekaar geskei in aparte gebiede

Aanbieding:

'n Bespreking van die aanbieding van die teks mag aanvaar word indien die antwoord korrek is en ooreenstem met die vraag en bron

(6)

- 3.5 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip, ontleding, toepassing en evaluering demonstreer van die werkswinkelproses van die toneelstuk wat met 'n sentrale idee begin het en ontwikkel het tot 'n toneelstuk. Nasieners aanvaar die verskillende inhoudsbronne wat deur die verskillende provinsies gebruik word. Sommige provinsies leer daar is vyf fases en ander leer daar is ses fases vir die werkswinkelproses.

Ken volpunte toe vir:

- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die werkswinkelproses van *Sophiatown* het deur die volgende fases ontwikkel:**Idee:**

- Die Junction Avenue Theatre Company het 'n idee gehad om die lewe te dokumenteer soos dit in Sophiatown was voor die gedwonge verwydering van mense
- Die maatskappy het met die idee vorendag gekom van wat moontlik kan gebeur as 'n wit Joodse meisie in Sophiatown in Suid-Afrika gedurende die apartheid regime kom woon

Navorsing:

- Onderhoude is gevoer met mense wat deur die gedwonge verwyderings geraak is, bv. Don Mattera
- Artikels is gelees oor die lewe in Sophiatown tydens apartheid Suid-Afrika
- *Drum*-tydskrif het addisionele materiaal vir die toneelstuk verskaf

Improvisasie:

- Daar is met tonele geëksperimenteer deur die gebruik van improvisasie.
- Deur hierdie improvisasie is die beste tonele gekies.

Keuring/ Seleksie:

- Die mees relevante tonele is geïdentifiseer en vir die toneelstuk gekies. Ander tonele is uitgelaat

Redigering en Verfyning:

- Redigering en verfyning van die tonele is gedoen

Opvoering en Opname:

- Die toneelstuk is opgevoer en opgeneem
- Dit was 'n demokratiese en samewerkende proses wat deur die hele groep gedoen is

(6)

- 3.6 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip en evaluering van die belangrikheid van die karakter van Charlie in die toneelstuk demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Charlie is 'n belangrike karakter want hy:

- Beklemtoon die tema van rassisme in die toneelstuk *Sophtown*.
- Is geskok en verras toe Mingus weier om hom na Meadowlands te neem
- Bevestig die gebroke lewens en verhoudinge as gevolg van die harde en wrede wette van apartheid
- Het 'n kinderlike onskuld ten opsigte van die gedwonge verskuiwings. Hierdie onskuld reflekteer 'n samelewing waar kleurverskille nie raakgesien is nie
- Is gedwing om vrede te maak met die feit dat hy nie van dieselfde ras as Mingus is met wie hy vir 'n baie lang tyd in harmonie saamgeleef het nie
- Toon hoe werkloosheid die misdaadsyfer verhoog. Hy was 'n lid van die Americans-bende en Mingus se helper/ 'side-kick'
- Het dit moeilik gevind om op sy eie te oorleef. Lewers nadat Mingus weens die gedwonge verwyderings weg is, is Charlie se lyk gevind waar hy op die omgekeerde bad gelê het wat hy vir Ruth gekry het. Die liggaam het steekwonde oraloor gehad

(4)

- 3.7 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip, ontleding en evaluering demonstreer van hoe die toneelstuk steeds verontwaardiging, solidariteit en aksie kan inspireer.

Die volgende is 'n riglyn:

Die toneelstuk het steeds die mag om te inspireer:

Verontwaardiging:

- Die situasies wat in die drama aangespreek word, is steeds relevant tot die moderne hedendaagse samelewing omdat mense steeds soortgelyke kwessies ervaar as dié wat in *Sophtown* aangespreek word, bv. diskriminasie en rassisme en wat veroorsaak dat hulle steeds protesteer
- Die hoë werkloosheidsyfer en die regering se leë beloftes van werkskepping raak mense vandag steeds en het tot gevolg dat hulle kwaad is

Solidariteit:

- Selfs vandag kom massas mense steeds bymekaar om te staak teen die hoë lewenskoste, werkloosheid en dienslewering omdat mense nie lewenskwaliteit gegun word nie

Aksie:

- Die toneelstuk roep steeds mense se emosies van pyn, woede en hartseer op en dit moedig hulle aan om op te staan en terug te veg teen 'n regering wat die arm en werklose mense in die steek laat.
- Daar is 'n hoë misdaadsyfer en rampokkery ('gangsterism') wat ons steeds teister

(6)

3.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip, ontleding, toepassing en evaluering van die opvoering van 'n produksie demonstreer.

Die volgende is 'n riglyn:

Die produksie kan dramaties effektief en opwindend wees indien:

- Daar 'n insluiting van vertelling was om die volgende weer te gee:
 - 'n Inleiding oor wat om van die toneelstuk te verwag
 - Inligting oor die lewe, die mense en die kulture in Sophiatown
- Die akteurs hulle woorde memoriseer wat hulle in staat sou stel om op kreatiewe karakterisering te fokus
- Die karakters kon sing en dans om die lewenskragtigheid van die kultuur en kuns in Sophiatown, die plek, te toon
- Vooraf opgeneemde musiek gebruik kan word om 'n sekere stemming en atmosfeer te skep
- Akteurs/ Opvoerders energiek was en 'n wye reeks vaardighede (sing, dans, ens.) kan gebruik om hulle interessant te maak om na te kyk
- Akteurs interaksie met mekaar het om hulle vertoning eg en outentiek te maak
- Relevante baniere en slagspreuke gebruik word om die ware essensie van die oorspronklike toneelstuk te skep en te wys wat in Sophiatown, die plek, gebeur het

(10)
[40]

VRAAG 4: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS

- 4.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n kennis en begrip van die teaterstyl van die toneelstuk demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Die korrekte antwoord

Die teaterstyl is:

- Realisme in die Teater OF
- Nuwe Realisme in die Teater OF
- 'Kitchen Sink' Drama/ 'Kitchen Sink'-realisme

(2)

- 4.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip toon van die kenmerke van die genre wat in VRAAG 4.1 geïdentifiseer is.

Ken volpunte toe vir:

- Vier kenmerke van die genre

Die volgende is 'n riglyn:

Die kenmerke van die styl/ genre is soos volg:

- Goed afgeronde en goed gedefinieerde karakters word geskryf en geskep
- Karakters het 'n geskiedenis/ biografie
- Die dialoog wat gepraat word, is alledaagse taal en die gehore kan maklik daarmee identifiseer
- Karakters is geloofwaardig en herkenbaar vir gehore
- Karakters is individue eerder as stereotipes
- Karakters ervaar werklike probleme
- Die taal weerspieël die soort karakter wat uitgebeeld word om die karakterisering geloofwaardig te maak
- Die kostuum is 'n eksterne uitdrukking van 'n karakter se eienskappe
- Die gegewe omstandighede vertel ons meer van die karakter en sy/ haar sosiale agtergrond
- Die stel bestaan uit en beeld alledaagse meubels uit, bv. 'n regte bed, 'n regte motor (Buick) soos dit in die regte lewe gebruik word
- Die ruimte word kreatief gebruik en met detail van betekenisvolle items, bv. die hoenderhok, die katrolstel en die Buick
- Al die aksies word gemotiveer omdat karakters op sekere gegewe omstandighede en op mekaar se optrede reageer
- Temas handel oor alledaagse lewensgebeure, bv. armoede, persoonlike verwagtinge en drome
- 'n Lineêre, 'goed gemaakte' toneelstuk-intrige-struktuur met 'n begin, middel en einde
- Die opvoeringsruimte is die prosceniumboog-verhoog ('proscenium arch stage')

(4)

- 4.3 Nasieners aanvaar antwoorde wat 'n kennis, begrip en ontleding van die teater-elemente van die produksie demonstreer soos deur Sanet du Plessis geresenseer.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die teater-elemente van die produksie van *Siener in die Suburbs* wat Sanet du Plessis geresenseer het, is:

- Die verhoog was amper leeg
- Dit het nie die agterplaas van 'n huis in die voorstede uitgebeeld nie
- 'n Realistiese stel is nie geskep nie en geen poging is aangewend om 'n spieël na die werklikheid ('slice of life') op die verhoog te skep nie. Die stel het nie die alledaagse lewe in die voorstede gewys nie
- Die Buick is deur 'n swart rostrum voorgestel, terwyl dit 'n regte motor moes wees om die Realisme van die toneelstuk te weerspieël
- Slegs deurkosyne word gebruik om die ingang na die huis te wys en dit kan die illusie van die werklikheid afbreek
- Daar was geen realistiese draadhoenderhok nie, maar slegs geverfde prentjies van hoenders in 'n hok. Dit het nie bygedra tot die geloofwaardigheid van die omgewing van die aksie nie
- Geen realistiese gereedskap of 'n regte katrolstel is gebruik nie en vooraf opgeneemde klanke is gespeel om die gereedskap wat gebruik is, aan te dui. Dit het die akteurs beperk om met die vereiste rekwisiete om te gaan om hulle aksie geloofwaardig te maak, bv. werk aan die kar
- Jakes het nie 'n regte motorfiets gebruik nie, maar 'n motorfiets nageboots. Die motorfietsklanke is vooraf opgeneem en dit is nie realisties nie
- Die swart kostuums het die gehoor nie veel vertel van die karakters of hulle sosio-ekonomiese situasies nie

(4)

- 4.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n ontleding en toepassing van die sosio-ekonomiese situasie in Suid-Afrika tydens apartheid demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Vier goed gemotiveerde stellings OF
- Agt aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die sosio-ekonomiese situasie in Suid-Afrika tydens apartheid word soos volg voorgestel:

- Die ongeregthede van die samelewing word getoon deur Tiemie wat desperaat probeer ontsnap uit die 'suburbs' en van haar reputasie dat sy van 'n lae klas kom
- Die verbale en fisiese mishandeling tussen Tiemie en Jakes wanneer Ma met die bebloede lap uit die huis kom
- Geweld vorm ook deel van hulle lewens aangesien Jakes en Giel Tjokkie dwing om in die toekoms te 'sien'

- Alkoholisme word verteenwoordig deur die karakters wat oormatig drink
- Diskriminasie tussen verskillende klasse in die samelewing word getoon deur Tiemie en haar begeerte om deel te wees van die hoër klas in die samelewing
- Mishandeling is deel van almal se lewens omdat mense geneig is om diegene wat 'anders' is, te marginaliseer en te boelie, of dit nou ras, fisies, kultureel, sielkundig of ekonomies is
- Armoede word deur al die karakters voorgestel, bv. Tjokkie werk aan 'n kar omdat hy nie ander werk kan kry nie
- Die stel weerspieël 'n gesin wat sukkel om te oorleef met wat hulle het
- Verslawing en armoede word voorgestel deur Giel wat dobbel deur op die perde te wed om met 'n oorwinning van armoede te probeer loskom

Aanbieding:

'n Bespreking van die aanbieding van die teks mag aanvaar word indien die antwoord korrek is en ooreenstem met die vraag en bron

(8)

- 4.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip en evaluering van die belangrikheid van die karakter van Pa in die toneelstuk demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings

Die volgende is 'n riglyn:

- Pa vorm deel van die gesin se verlede en is steeds relevant in hulle lewens omdat Ma steeds sy pensioen ontvang en hy dalk nog leef
- Pa hou Ma terug, want sy hoop steeds hy sal terugkeer en daarom wil sy nie met Giel trou nie
- Tjokkie 'sien' 'n man by die klein hekkie in sy visioen en dit hou die gehoor in spanning, want dit is dalk 'n visioen van Pa
- Pa het die huis voorsien waarin Ma, Tjokkie en Tiemie leef. Hulle het 'n huis

(6)

- 4.6 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip, ontleding en evaluering demonstreer van hoe die toneelstuk steeds verontwaardiging, solidariteit en aksie kan inspireer.

Die volgende is 'n riglyn:

Die volgende kan faktore wees wat verseker dat die toneelstuk steeds die mag het om te inspireer:

Verontwaardiging:

- Werkloosheid sal steeds woede ontlok soos ons dikwels sien met optogte wat vandag in die strate gehou word
- Baie van die maatskaplike kwessies is vandag nog in Suid-Afrika teenwoordig, wat daartoe lei dat baie mense met die huidige lewensomstandighede ontevrede is

Solidariteit:

- 'n Gehoor sal steeds die gevoel van verlatenheid en armoede ervaar omdat hulle steeds daarmee kan identifiseer
- Die slegte ekonomiese situasie van vandag kan tot solidariteit lei aangesien almal onder die gevolge ly

Aksie:

- Diskriminasie tussen dié wat ryk en arm is bestaan steeds en protesaksie kan daarteen plaasvind.
- Geslagsgebaseerde geweld is steeds algemeen
- Groepe mense kan verenig en teen die volgende omstandighede protesteer:
 - Isolاسie sosiaal en geografies
 - Haweloosheid
 - Werkloosheid en moeilike werksomstandighede
 - Verlies van lewens
 - Verdere opleiding word nie deur baie jongmense nagestreef nie
 - Armoede en die psigologiese en emosionele impak daarvan
 - Werkseleenthede is beperk
 - Dwelmmisbruik

(6)

4.7 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip en evaluasie toon van hoe om 'n produksie van *Siener in die Suburbs* te skep en dit dramaties effektief en meer opwindend te maak.

Die volgende is 'n riglyn:

Die produksie kan dramaties effektief en opwindend wees indien:

- Die stel 'n realistiese prentjie van 'n agterplaas in die voorstede ('suburbs') was omdat dit die armoede en lae-klas-lewe van die karakters moet wys
- Die Buick 'n regte kar was om te wys dat Tjokkie daaraan werk
- Die katrolstel eg was en die motor in 'n verhewe posisie was, want dit veroorsaak uiteindelik Tjokkie se dood wanneer die kar op hom neerkom
- Daar 'n regte fasade van 'n huis was met deure en voorgestelde binneruimtes omdat die karakters in en uit die huis uit moet beweeg
- Jakes op 'n regte motorfiets ingekom het met regte byklanke wat deur 'n motorfiets gemaak word
- Beligting gebruik is om die tyd van die dag aan te dui en dit kan gebruik word om op 'n spesifieke karakter te fokus, asook om 'n gepaste atmosfeer te skep
- Kostuums die karakters duidelik uitgebeeld het, bv. Ma in 'n ou rok, Jakes in jeans met 'n leerbaadjie
- Die liedjie 'Sugar Sugar' gebruik is om die stemming van lewe in die voorstede ('suburbs') te skep en dit dikwels herhaal kan word

(10)
[40]**TOTAAL AFDELING B: 40**

AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR**VRAAG 5: NOTHING BUT THE TRUTH DEUR JOHN KANI**

5.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip toon van die waarde en gebruik van regisseursaantekeninge.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stelling OF
- Twee aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Regisseursaantekeninge is nuttig omdat:

- Die regisseur idees kan formuleer en onthou en gedagtes en konsepte kan aanteken om in die skepping van die produksie te gebruik
- Dit die basis vorm van wat uiteindelik as 'n lewendige produksie op die verhoog gaan verskyn

(2)

5.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip toon van 'n goeie oudisieproses en wat van die akteur verwag word wat 'n oudisie vir die rol aflê.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Daar word van 'n akteur, wat 'n oudisie vir die rol aflê, verwag om die volgende te demonstreer:

- Selfvertroue want die akteur moet die rol/ karakter vertolk
- Duidelikheid van spraak, wat projeksie, artikulasie en toon insluit
- 'n Begrip van die korrekte interpretasie van die karakter
- Die vermoë om die woorde te memoriseer
- 'n Begrip van die subteks van die stuk
- Volgehoue fokus tydens die oudisie
- Luistervaardighede om die regisseur se voorskrifte te interpreteer

(4)

5.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip, ontleding en toepassing van die stelontwerp van die toneelstuk, sowel as die betrokke ontwerpvereistes, demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

'n Skets/ Foto/ Model van die stelontwerp kan nuttig wees, want:

- Dit is 'n visuele gids/ prentjie van die stel en is maklik om te bestudeer
- Dit dui die plasing van al die elemente van die stel aan, soos die dekor en rekwisiete

- Dit toon die stel ('n lokasie huis, 3,6 x 7,2 meter) op die verhoog met die omgewing daarom
 - Dit help die regisseur om die ontwerpvereistes meer doeltreffend aan die stelontwerper oor te dra
 - Dit maak die blokkering van die karakters makliker. Die regisseur weet hoe om die beweging op die verhoog te blokkeer deur die skets te gebruik aangesien hulle aantekeninge oor die stelontwerp kan maak
- (4)

5.4 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip en ontleding van die stel as 'n omgewing vir die toneelstuk demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die stel is:

- Madalastraat 46, New Brighton
 - 3,6 x 7,2 area meter
 - 'n boksstel ('box set')
 - Die huis van die Makhaya-gesin
 - 'n Kombuis en sitkamer met twee stelle kralegordyne om die ingange na onderskeidelik Siphon en Thando se slaapkamers aan te dui
 - Realisme in die Teater as die genre
 - Regte meubels en rekwisiete wat hulle huis vul, bv. boekrak met boeke, lêers, tafel en stoele, 'n koffietafel, ens.
- (4)

5.5 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip, ontleding en toepassing demonstreer van die kenmerke van Mandisa as 'n modeontwerper wat pas van Londen af aangekom het.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

'n Kostuum vir Mandisa kan soos volg wees:

- Modieuse klere omdat sy 'n modeontwerper is en van Londen af kom
 - Moontlik lae klere vanweë haar reise en haar versameling modieuse kledingstukke
 - Flamboyante en spoggerige kleure vir 'n modebewuste, selfversekerde vrou
 - 'n Handsak, 'n ontwerpportefeuljesak en moontlik ook ontwerpersbagasie omdat sy modebewus is en dit help ook met die realistiese uitbeelding van haar karakter as 'n modeontwerper wat 'n portefeuljesak vir haar ontwerpe nodig het
- (4)

- 5.6 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n kennis en begrip van Stanislavski se sisteem/ metode en die toepassing daarvan demonstreer wanneer akteurs repeteer om hulle karakters te ontwikkel.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Stanislavski se sisteem/ metode kan die akteur help deur die toepassing en gebruik van:

Aksie:

- Die akteur moet 'n motivering en behoefte toon asook gewillig wees om sy aksies te speel

Magiese as ('Magic if'):

- Die akteur moet leef, voel, dink, praat, optree en glo asof hy/ sy die karakter is. Vokale en fisieke reaksies kan dus van opvoering tot opvoering verskil, maar sal altyd realisties en waarheidsgetrou wees

Gegewe omstandighede:

- Die akteur moet navorsing doen en in karakter reageer op die tyd, plek en sosio-ekonomiese omstandighede van die toneelstuk, die mense en die samelewing op die tyd waarin die toneelstuk afspeel

Sirkels van aandag:

- Die akteur se fokus moet op die wêreld van die toneelstuk op die verhoog wees en nie op die gehoor nie

Doelwitte:

- Die akteur moet 'n motivering en rede vir elke aksie hê (woorde, gedrag, houding, emosie)
- Kleiner motiverings moet geloofwaardig wees

Superdoelwit:

- Dit is die primêre doel of doelwit van die akteur of hoofmotivering binne die intrige in sy geheel
- Hierdie superdoelwit is die dramaturg se bedoeling vir die karakter en hy of sy moet voortdurend na hierdie hoofdoel of -doelwit beweeg

Emosionele geheue:

- Die akteurs kan persoonlike ervarings en herinneringe gebruik om die emosionele werklikheid van die toneelstuk, karakter en gegewe omstandighede in opvoering te skep. 'n Akteur moet slegs emosie uit herinneringe put en emosies gebruik wat ouer as sewe jaar is

(6)

- 5.7 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip, ontleding en evaluering van die belangrikheid van die toneelstuk se titel in verhouding tot die temas van *Nothing but the Truth* toon.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die betekenis van die titel in verhouding tot die toneelstuk se temas kan soos volg verduidelik word:

***Nothing but the Truth*:**

- Die temas van die toneelstuk kan die volgende wees, bv. die belangrikheid van Waarheid, Versoening, Vergifnis, Geregtheid, Familie, wat alles draai om 'Niks behalwe die Waarheid nie' ('Nothing but the Truth')
- Word aangehaal uit Siphos se toespraak op die hoogtepunt/klimaks van die toneelstuk
- Verwys na 'n eed wat in 'n geregshof afgelê word. Dit verwys direk na Siphos se blootlegging van die geheime wat hy al jare lank bewaar ná ondervraging en konsekwente vraagstelling deur Thando en Mandisa, net soos prokureurs in die hof sou doen
- Maak direkte verwysing na die WVK en die WVK-proses wat volle openbaarmaking van die waarheid vereis om vir amnestie oorweeg te word

(6)

- 5.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n vermoë demonstreer om te vergelyk, analiseer en idees te skep wat die persoonlike verhaal van die Makhaya-gesin aan die stories van baie Suid-Afrikaners verbind.

Die volgende is 'n riglyn:

Siphos se storie:

- Verwys terug na sy eie persoonlike kinderdae
- Onthul die lewe tydens apartheid met al die swaarkry en stryd wat dit vir hom persoonlik en vir sy gesin meegebring het, bv. die dood van Luvuyo by 'n begrafnis wat in 'n politieke saamtrek omgeskep is, Siphos wat nie bevorder is as gevolg van die kleur van sy vel nie, ens.
- Voorsien 'n toekoms waar beide hy en sy nuwe African Public Library die status sal bereik wat dit verdien

Thandos se storie:

- Verteenwoordig die konserwatiewe, respekvolle houdings van dogters in tradisionele, patriargale, Afrika-gesinne. Sy is gehoorsaam.
- Haar reis deur die toneelstuk weerspieël groeiende vryhede en verantwoordelikhede. Sy kies om aan die einde van die toneelstuk haar eie besluite te neem. "Dit is die probleem met vryheid," sê Siphos. Dit is die verantwoordelikheid van alle Suid-Afrikaners wat sedert 1994 nuutgevonde vryhede het

Mandisa se storie:

- Sy bied 'n kontras om die lewe in die Suid-Afrikaanse township New Brighton te toon. Haar opvoeding was in Londen in 'n middelklasgesin. Haar idees is meer liberaal en sy weerspreek Thando en Siphon en argumenteer met hulle oor die WVK, verhoudings hê, roubeklagings-tradisies en kultuur

Die gesin se storie:

- Die geheime, konflikte, onthullings van die waarheid en daaropvolgende versoening weerspieël die geskiedenis van apartheid en die behoefte aan versoening tussen individue en kulture in die nuwe Suid-Afrika en van die Waarheid-en-Versoeningskommissie
- Die mikrokosmos van die Makhaya-huis en al sy persoonlike kwessies weerspieël die makrokosmos van Suid-Afrika en al sy politieke kwessies

Verhale van baie Suid-Afrikaners:

- Verteenwoordig die duisende gewone Suid-Afrikaners wat nie erken, gehoor, gerespekteer is nie en wat gely het tydens apartheid en wat 'n beter lewe vir almal verwag het toe die nuwe regering van die nuwe Suid-Afrika aan bewind gekom het
- Die WVK het baie Suid-Afrikaners geraak wat slagoffers van die gruweldade van apartheid was. Sommige van hierdie verhale hou verband met die gesprekke in die toneelstuk
- Ballingskap raak Siphon. Themba, sy broer, het in ballingskap ingegaan, soos baie Suid-Afrikaners tydens apartheid gedoen het, hetsy vir veiligheid of om die bevrydingstryd te veg. Omdat Themba in ballingskap ingegaan het, het hy en Siphon nie die verraad en die konflik tussen hulle opgelos nie

(10)
[40]

VRAAG 6: GROUNDSWELL DEUR IAN BRUCE

6.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip toon van die waarde en gebruik van regisseursaantekeninge.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stelling OF
- Twee aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Regisseursaantekeninge is nuttig omdat:

- Die regisseur idees kan formuleer en onthou en gedagtes en konsepte kan aanteken om in die skepping van die produksie te gebruik
- Dit die basis vorm van wat uiteindelik as 'n lewendige produksie op die verhoog gaan verskyn

(2)

6.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip toon van 'n goeie oudisieproses en wat van die akteur verwag word wat 'n oudisie vir die rol aflê.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Daar word van 'n akteur, wat 'n oudisie vir die rol aflê, verwag om die volgende te demonstreer:

- Selfvertroue want die akteur moet die rol/ karakter vertolk
- Duidelikheid van spraak, wat projeksie, artikulasie en toon insluit
- 'n Begrip van die korrekte interpretasie van die karakter
- Die vermoë om die woorde te memoriseer
- 'n Begrip van die subteks van die stuk
- Volgehoue fokus tydens die oudisie
- Luistervaardighede om die regisseur se voorskrifte te interpreteer

(4)

6.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip, ontleding en toepassing van die stelontwerp van die toneelstuk sowel as die betrokke ontwerpvereistes demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

'n Skets/ Foto/ Model van die stelontwerp kan nuttig wees, want:

- Dit is 'n visuele gids/ prentjie van die stel en maklik om te bestudeer
- Dit dui die plasing van al die elemente van die stel aan, soos die dekor en rekwisiete
- Dit kan die besonderhede van die meubels en dekor van die stel aandui (Garnet Lodge Gastehuis)
- Dit help die regisseur om die ontwerpvereistes meer doeltreffend aan die stelontwerper oor te dra

- Dit maak die blokkering van die karakters makliker omdat die regisseur weet hoe om die beweging op die verhoog te blokkeer deur die skets te gebruik aangesien hy of sy aantekeninge oor die stelontwerp kan maak (4)

6.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n kennis en begrip van die stel as 'n omgewing vir die toneelstuk demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die stel is:

- Garnet Lodge Gastehuis
- 'n Afgeleë gastehuis aan die Weskus van Suid-Afrika
- Die binnekant van die gastehuis wat in 'n tipiese strand-styl versier is
- 'n Omgewing vir die aksie
- Realisties (4)

6.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip, ontleding en toepassing van Thami se karakter as die bestuurder van Garnet Lodge demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

'n Kostuum vir Thami kan wees:

- Netjiese, semiformele kleredrag omdat hy die bestuurder van die gastehuis is
- Moontlik 'n gewone wit hemp en swart broek, geskik vir sy werk as bestuurder by die gastehuis
- Blink skoene om te wys dat hy mooi na homself kyk en dat hy sy werk respekteer
- Hy dra dalk 'n baadjie omdat dit koud is en buite reën (4)

6.6 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n kennis en begrip van Stanislavski se sisteem/ metode en die toepassing daarvan demonstreer wanneer akteurs repeteer om hulle karakters te ontwikkel.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Stanislavski se sisteem/ metode kan die akteur help deur die toepassing en gebruik van:

Aksie:

- Die akteur moet 'n motivering en behoefte toon asook gewillig wees om sy aksies te speel

Magiese as ('Magic if'):

- Die akteur moet leef, voel, dink, praat, optree en glo asof hy/ sy die karakter is. Vokale en fisieke reaksies kan dus van opvoering tot opvoering verskil, maar sal altyd realisties en waarheidsgetrou wees

Gegewe omstandighede:

- Die akteur moet navorsing doen en in karakter reageer op die tyd, plek en sosio-ekonomiese omstandighede van die toneelstuk, die mense en die samelewing op die tyd waarin die toneelstuk afspeel

Sirkels van aandag:

- Die akteur se fokus moet op die wêreld van die toneelstuk op die verhoog wees en nie op die gehoor nie

Doelwitte:

- Die akteur moet 'n motivering en rede vir elke aksie hê (woorde, gedrag, houding, emosie)
- Kleiner motiverings moet geloofwaardig wees

Superdoelwit:

- Dit is die primêre doel of doelwit van die akteur of hoofmotivering binne die intrige in sy geheel
- Hierdie superdoelwit is die dramaturg se bedoeling vir die karakter en hy of sy moet voortdurend na hierdie hoofdoel of -doelwit beweeg

Emosionele geheue:

- Die akteurs kan persoonlike ervarings en herinneringe gebruik om die emosionele werklikheid van die toneelstuk, karakter en gegewe omstandighede in opvoering te skep. 'n Akteur moet slegs emosie uit herinneringe put en emosies gebruik wat ouer as sewe jaar is

(6)

- 6.7 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n kennis, begrip, ontleding en evaluering van die belangrikheid van die toneelstuk se titel met betrekking tot die temas van *Groundswell* toon.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die betekenis van die titel met betrekking tot die temas kan soos volg verduidelik word:

Groundswell:

- Verwys na die see se sterk onderstroom wat ongesiens opstyg
- *And under the oppression of the silent fog*
The tolling bell
Measures time not our time, rung by the unhurried
Ground swell
(En onder die verdrukking van die stille mis/ Die klokgelui/ Meet tyd nie ons tyd nie, gelui deur die langsame/ Gronddeining
- Die titel word in die gedig aan die begin van die toneelstuk genoem
- Die belangrikste besonderhede wat in die gedig genoem word, kom in die fisiese omgewing van die toneelstuk voor: die gronddeining, die seeklok, die mis
- Al hierdie dinge dui op 'n baie sterk verband met die tema van verskillende soorte tyd. Die gronddeining word voorgestel as iets ewigdurend, van 'n tyd wat losgekoppel is van tyd soos ons dit verstaan

- Dit dui daarop dat ons mense en ons kwessies en bekommernisse kan kom en gaan, die verlede, hede, toekoms, maar die gronddeining sal voortduur in sy eie rustige hede, heeltemal onaangeraak deur ons sake
- Miskien is hierin, in elk geval wat die drama aangaan, 'n vreemde toon van hoop. Dit herinner ons tog dat, alhoewel ons handeling 'n begin, 'n einde, en gevolge in tyd het soos ons dit ervaar, daar 'n ander tyd is waar dinge steeds verander, vernuwe en dalk bevry kan word
- Dit weerspieël die stand van die karakters in die toneelstuk sowel as die wêreld van die toneelstuk in 'n baie nuwe Suid-Afrika en hierdie tema dring deur die hele toneelstuk

(6)

6.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n vermoë demonstreer om idees te vergelyk, ontleed en sintetiseer wat die persoonlike verhaal van die karakters aan die politieke verhaal van Suid-Afrika verbind.

Die volgende is 'n riglyn:

Johan se verhaal:

- Verwys terug na sy eie geheimsinnige verlede. Dit weerspieël die lewe tydens apartheid met al die swaarkry en stryd wat dit vir hom persoonlik meegebring het, asook die skuldgevoelens vir sy vorige aksies
- Johan droom van 'n beter toekoms waarin hy ryk sal word uit sy diamantskema

Thami se verhaal:

- Verteenwoordig die miljoene burgers van Suid-Afrika wat van hulle stemreg ontnem is, wat finansiële en persoonlik gely het.
- Thami word van sy vrou geskei weens die behoefte om 'n bestaan te maak om sy gesin in die Oos-Kaap te onderhou
- Hy is desperaat vir 'n beter toekoms waar hy ryk en onafhanklik kan word deur 'n suksesvolle diamantmynbou-skema wat beplan word

Smith se verhaal:

- Smith het sy lewe as 'n wit man in apartheid-Suid-Afrika geleef
- Hy is op 'n punt in sy lewe waar sy omstandighede onlangs dramaties verander het; hy het afgetree, sy gesin het geëmigreer en hy moet die rigting van sy toekoms in nuwe rigtings beplan
- Hy soek rus en ontspanning by die gastehuis en sien daarna uit om gholft te speel ('n rykmansport)
- Sy aankoms by die gastehuis bied 'n katalisator vir dramatiese konflik en die daaropvolgende veranderinge wat dit meebring

Verhale van baie Suid-Afrikaners:

- Die mikrokosmos van die toneelstuk en al sy persoonlike konflikte, nuutgevonde alliansies (Johan en Thami) weerspieël die makrokosmos van die baie nuwe Suid-Afrika en al sy politieke kompleksiteite, spanninge en verskuiwings/veranderinge
- Beide die persoonlike en politieke elemente van die toneelstuk weerspieël en simboliseer mekaar
- Die karakters leef geraak deur hulle verledes en word in 'n afgeleë 'niemandsland' in die hede gelaat met die hoop op 'n ander en beter toekoms

(10)
[40]

VRAAG 7: MIS DEUR REZA DE WET

7.1. Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip van die waarde en gebruik van regisseursaantekeninge toon.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stelling OF
- Twee aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Regisseursaantekeninge is nuttig omdat:

- Die regisseur idees kan formuleer en onthou en gedagtes en konsepte kan aanteken om in die skepping van die produksie te gebruik
- Dit die basis vorm van wat uiteindelik as 'n lewendige produksie op die verhoog gaan verskyn

(2)

7.2. Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip toon van 'n goeie oudisieproses en wat van die akteur verwag word wat 'n oudisie vir die rol aflê.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Daar word van 'n akteur, wat 'n oudisie vir die rol aflê, verwag om die volgende te demonstreer:

- Selfvertroue om die rol/ karakter te vertolk
- Duidelikheid van spraak, wat projeksie, artikulasie en toon insluit
- Verstaan die korrekte interpretasie van die karakter
- Die vermoë om die woorde te memoriseer
- 'n Begrip van die subteks van die stuk
- Volgehoue fokus tydens die oudisie
- Luistervaardighede om die regisseur se voorskrifte te interpreteer

(4)

7.3. Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip, ontleding en toepassing van die stelontwerp van die toneelstuk sowel as die betrokke ontwerpvereistes demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

'n Skets/ Foto/ Model van die stelontwerp kan nuttig wees, want:

- Dit is 'n visuele gids/ prentjie van die stel en maklik om te bestudeer
- Dit dui die plasing van al die elemente van die stel aan, soos die dekor en rekwisiete
- Dit kan die besonderhede van die meubels en dekor van die stel aandui ('n plaaskombuis)

- Dit help die regisseur om die ontwerpvereistes meer doeltreffend aan die stelontwerper oor te dra
- Dit maak die blokkering van die karakters makliker. Die regisseur weet hoe om die beweging op die verhoog te blokkeer deur die skets te gebruik om aantekeninge oor die stelontwerp te kan maak

(4)

7.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n kennis en begrip van die stel as 'n omgewing van die toneelstuk demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die stel sal die volgende toon:

- 'n Uitbeelding van 'n realistiese kombuis gedurende die Suid-Afrikaanse Groot Depressiejare wat die armoede van die gesin beklemtoon
- 'n Tafel met drie stoele as die omgewing vir die gesin
- 'n Koolstoof met 'n ketel op, want dit was tipies van 'n plaaskombuis in 1936
- Sinkplaatmure wat 'n klein huisie vir arm, wit mense in 1936 toon
- Rolle going omdat hulle dit gebruik om die sakke vir die mis te maak wat hulle dan versamel en verkoop het
- 'n Klein rusbank waarop die akteurs kan sit om die aksie meer geloofwaardig in 'n realistiese huisomgewing te maak
- 'n Tafel gedek met 'n oliedoek met 'n olielamp daarop aangesien die plaashuis afgeleë is en die familie op olielampe vir beligting staatmaak
- Verbleikte gordyne omdat hulle arm is en nie kan bekostig om nuwe gordyne te koop nie
- 'n Ou linoleummat op die vloer met 'n roospatroon wat skaars sigbaar is omdat dit al vir baie jare in die huis is en uitgetrap is
- 'n Kombuisdeur agter wat na binne oopmaak met 'n gaasdeur wat na buite oopmaak. Dit was tipies van 'n plaashuis om te keer dat insekte by die huis inkom
- 'n Haak aan die deur vir 'n hoed om te hang, wat Konstabel kan gebruik, of dit kan toon dat hoede nodig is om teen die Suid-Afrikaanse son te beskerm
- Ander deure om die voorgestelde binneruimtes soos die slaapkamers en gang aan te dui en voor te stel

(4)

7.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip, ontleding en toepassing Meisie se karakter sowel as die sosio-ekonomiese omstandighede in die drama demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

'n Kostuum vir Meisie kan wees:

- 'n Konserwatiewe rok wat tot by die nek vasgeknoop is omdat Miem nie wil hê sy moet haarself/ haar lyf ontbloot nie
- 'n Rok met 'n hoë kraag en lang moue omdat sy konserwatief is
- 'n Verbleikte rok omdat die gesin arm is
- 'n Lang rok wat haar bene bedek omdat sy skaam en 'n plaasmeisie is
- Sandale met bandjies omdat sy 'n jong meisie is

(4)

- 7.6 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n kennis en begrip van Stanislavski se sisteem/ metode en die toepassing daarvan demonstreer wanneer akteurs repeteer om hulle karakters te ontwikkel.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Stanislavski se sisteem/ metode kan die akteur help deur die toepassing en gebruik van:

Aksie:

- Die akteur moet 'n motivering en behoefte toon asook gewillig wees om sy aksies te speel

Magiese as ('Magic if'):

- Die akteur moet leef, voel, dink, praat, optree en glo asof hy/ sy die karakter is. Vokale en fisieke reaksies kan dus van opvoering tot opvoering verskil, maar sal altyd realisties en waarheidsgetrou wees

Gegewe omstandighede:

- Die akteur moet navorsing doen en in karakter reageer op die tyd, plek en sosio-ekonomiese omstandighede van die toneelstuk, die mense en die samelewing op die tyd waarin die toneelstuk afspeel

Sirkels van aandag:

- Die akteur se fokus moet op die wêreld van die toneelstuk op die verhoog wees en nie op die gehoor nie

Doelwitte:

- Die akteur moet 'n motivering en rede vir elke aksie hê (woorde, gedrag, houding, emosie)
- Kleiner motiverings moet geloofwaardig wees

Superdoelwit:

- Dit is die primêre doel of doelwit van die akteur of hoofmotivering binne die intrige in sy geheel
- Hierdie superdoelwit is die dramaturg se bedoeling vir die karakter en hy of sy moet voortdurend na hierdie hoofdoel of -doelwit beweeg

Emosionele geheue:

- Die akteurs kan persoonlike ervarings en herinneringe gebruik om die emosionele werklikheid van die toneelstuk, karakter en gegewe omstandighede in opvoering te skep. 'n Akteur moet slegs emosie uit herinneringe put en emosies gebruik wat ouer as sewe jaar is

- 7.7 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n kennis, begrip, ontleding en evaluering toon van die betekenis van die toneelstuk se titel in verhouding tot die temas van *Mis*.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die betekenis van die titel met betrekking tot die temas kan soos volg verduidelik word:

***Mis*:**

- Elke jaar, wanneer die sirkus die dorp besoek, word 'n jong meisie vermis, wat die titel van die toneelstuk *Mis* weerspieël
- Hierdie meisies word nooit weer gesien nie; hulle word vir altyd vermis
- Miem mis Gabriël en moet die broodwinner van die gesin wees aangesien Gabriel, wat op die solder woon, by Miem vermis word
- Dit is lente en mense wil mis vir hulle tuine en gewasse hê, wat die Afrikaanse titel, *Mis*, weerspieël
- Die karakters mis dikwels die waarheid van wat gesê word, bv. glo dat Konstabel hulle ouderdom kan raai deur aan hulle te snuif
- Al die karakters, behalwe Konstabel, geniet nie die lewe nie omdat hulle onder die streng reëls van Afrikaner-Calvinisme lewe
- Mis sluit ook by die Katolieke ritueel van die 'Roomse Mis' aan

(6)

- 7.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasien toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n vermoë demonstreer om te vergelyk, te analiseer en idees te skep wat die persoonlike verhale van die karakters aan die verhaal van Suid-Afrika verbind.

Die persoonlike verhale van die karakters in die toneelstuk weerspieël die verhaal van Suid-Afrika soos volg:

Miem se verhaal:

- Sy is die matriarg van die gesin. Na die Eerste Wêreldoorlog, die Groot Depressie en met Gabriël wat na die solder trek, word sy gedwing om die rol van die versorger, broodwinner en voorsiener van die gesin te wees.
- Gabriël kruip op die solder weg omdat hy alles verloor het, kan nie vir sy gesin voorsien nie en voel hy verneder
- Sy is die simbool van Afrikaner-Calvinisme wat die beginsels probeer in stand hou deur haar gedrag, aksies en waardes
- Sy hou vir Meisie in die huis om te werk en sakke vir die mis te maak

Meisie se verhaal:

- Sy soek 'n vaderfiguur en vind dit in Konstabel
- Sy smag daarna om bevry te word en 'n nuwe lewe na die armoede en depressie te begin
- Sy mis haar pa en soek vertroosting by Konstabel

Gertie se verhaal:

- Sy is 'n oujongnoui en wil ook bevry word, maar haar Afrikaner-Calvinisme is te ingebed om weg te breek
- Sy is seksueel gefrustreerd en flanker openlik met Konstabel en wil hom net vir haarself hê
- Sy word deur Miem beheer

Konstabel se verhaal:

- As Afrikaner toon hy dat die Afrikaner bevry kan word
- Hy bring die geleentheid om bevry te word en bied dit aan die vroue

Verhale van baie Suid-Afrikaners:

- Al die karakters, behalwe Konstabel, kry nie alles uit die lewe nie omdat hulle nie regtig 'lewe' nie. Miem en Gertie is steeds gevangenes van hulle oortuigings en leef onder die reëls en dogma van Afrikaner-Calvinisme, terwyl Gabriël op die solder is omdat hy sy plaas verloor het en daaroor skaam is
- Hierdie vreemde magsdinamika, tesame met die vrees en teenwoordigheid van die onbekende, kan alles simbolies wees van die verhouding tussen die wit Afrikaner en hulle rol in die nuwe Suid-Afrika
- Die desperaatheid om te oorleef en liefgehê te word, ten spyte van uiterste afgesonderdheid, word deur Gabriël gesimboliseer
- Die meeste karakters in Suid-Afrikaanse verhale weerspieël die behoefte van Suid-Afrikaners om erken te word in 'n nuwe politieke bedeling
- Die dramaturg se bedoeling is om die denke en perspektiewe van jong Afrikaners uit te daag en te verskuif

(10)
[40]

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**VRAAG 8**

8.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en 'n begrip van 'n arenaverhoog demonstreer.

Die volgende is 'n riglyn:

- Ken twee punte vir die korrekte antwoord toe

'n Ander naam vir 'n arenaverhoog is:

- Kringteater/ Teater-in-die-rondte

(2)

8.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n ontleding en evaluering van die nadele van 'n arenaverhoog toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee stellings

Die volgende is 'n riglyn:

Nadele om 'n toneelstuk op 'n arenaverhoog op te voer:

- Akteurs kan nie die verhoog verlaat sonder dat die gehoor hulle sien nie
- Dit kan die werklikheid van die toneelstuk dalk minder geloofwaardig maak
- Akteurs moet dalk meer projekteer omdat daar 'n gehoor oral om hulle is
- Akteurs moet dalk groter gebare gebruik om deur die gehoor gesien te word
- Dit kan lei tot oordrewe spel
- Blokkering kan moeilik wees, want soms sal die gehoor net die akteurs gedeeltelik kan sien
- Dit kan moeilik wees om stelle en meubels te hê, want dit kan dit vir die gehoor moeilik maak om die akteurs duidelik te sien

(2)

8.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n kennis en begrip van Arm/ Gestroopte Teater en die verhoog tipe demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

'n Arm/ Gestroopte Teater-produksie kan effektief wees, want:

- Die behoefte aan 'n uitgebreide stel en rekwisiete word uitgeskakel. Alle gehoorlede sal die aksie kan sien wat andersins deur die stel gemaskeer kan word, ens.
- Die beweging van akteurs op die verhoog word nie beperk nie omdat die stel-items minimaal is
- Ingange en uitgange kan tussendeur die gehoor gemaak word sodat die akteurs vrylik in die ruimte kan beweeg en 'n opwindende/ interessante akteur-gehoor-verhouding ontwikkel
- Die ruimte kan maklik herrangskik word om aan die eise van 'n Arm/ Gestroopte Teater-produksie te voldoen aangesien daar minimale stelvereistes is

(6)

8.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n kennis, begrip en toepassing van die akteur-gehoor-verhouding vir 'n Arena verhoog toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

- Die boodskappe in die toneelstuk wat deur die akteurs oorgedra word, het ten doel om die gehoor emosioneel te konfronteer met die realiteit/ waarheid van 'n saak/ situasie
- Die gehoor is aktief betrokke by die toneelstuk omdat die akteurs betekenisvolle opvoerings skep
- Daar is 'n intieme verhouding tussen die gehoor en akteurs op die verhoog, want opregte en ware emosies en gevoelens word gedeel
- Die gehoor word ingetrek in die algehele ervaring van die lewendige teater omdat daar geen denkbeeldige vierde muur is wat die gehoor van die akteurs op die verhoog skei nie

(4)

8.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis en begrip van die konsepte van Arm/ Gestroopte Teater demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Via Negativa:

- Alle onnodige teaterelemente word weggestroop. Die wegstroop van alle onnodige teaterelemente, bv. ligte, kostuums en stel, om by die essensie van teater uit te kom, wat bestaan uit 'n akteur en 'n leë ruimte met iemand wat kyk
- Enige persoonlike, sielkundige en fisiese blokkasies vir opvoering word uitgewis sodat akteurs ten volle op die karakter en die opvoering gefokus is

Die Heilige Akteur:

- Akteurs maak 'n offer van hulself aan die karakter en dit word as 'n 'heilige' geestelike offer gesien. Die akteur offer gewillig alles van hom/ haarself op vir die rol
- Akteurs moet fisies, verstandelik, emosioneel, geestelik wakker wees om uitdagende en veeleisende rolle te kan vertolk
- Die akteur se hele liggaam en stem moet opgelei word vir buigsamheid en effektiwiteit vir 'n Arm/ Gestroopte Teater-opvoering
- Akteurs gebruik hulle liggaam as 'n instrument vir kommunikasie aangesien alle ander kunsmatige teater-elemente verwyder word

(6)
[20]

VRAAG 9

9.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van die term Dramatiese Kunste demonstreer.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stelling OF
- Twee aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Dramatiese Kunste is:

- Die studie van die voorstelling van menslike ervaring in dramatiese vorm vir 'n gehoor
- Die bevordering en ontwikkeling van kreatiwiteit, innovasie, verbeelding, visualisering, interaksie en voorstelling
- Die vermoë om jousef uit te druk en te kommunikeer deur middel van gedissiplineerde, vaardige improvisasie, vokale en fisiese kommunikasie, interpretasie en uitdrukkingsvermoë
- Die onderrig van selfvertroue, selfbeeld, selfdissipline, spanwerk en kritiese denke

(2)

9.2.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n titel verskaf van enige toneelstuk wat in Dramatiese Kunste bestudeer is.

Die volgende is 'n riglyn:

- Ken twee punte vir die korrekte antwoord toe

Die toneelstuk wat gekies is:

- Enige toneelstuk wat bestudeer is, bv. *A Doll's House*, *Have You Seen Zandile*, ens.

(2)

9.2.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n kreatiewe toepassing en seleksie van kennis van die toneelstuk wat in VRAAG 9.2.1 geïdentifiseer is en kreatiwiteit in hulle keuses demonstreer van wat om in hul TikTok-video in te sluit.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die TikTok-video kan die volgende insluit:

- Dans, sang, toneelspel, mimiek, fisieke teater ens. as opvoerstyl
- 'n Karakter wat met die kamera oor die toneelstuk praat of karakters wat opvoer, om die gehoor 'n idee te gee van waaroor die toneelstuk gaan
- 'n Opvoering van 'n toneel uit die toneelstuk om diegene wat na die video kyk, meer wil laat weet wat volgende gebeur
- Die gebruik van musiek, wat die tema en stemming van die toneelstuk uitdruk
- Lewendige, kreatiewe en kleurvolle beligting en kostuums
- Klankeffekte en spesiale effekte kenmerkend van beide TikTok en lewendige teater
- Alle teaterelemente van lewendige teater

(6)

- 9.2.3 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n kennis en begrip demonstreer van hoe toneelstukke die mag het om die manier waarop ons dink oor die wêreld waarin ons leef, te verander.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

Die toneelstuk wat gekies is, het die mag om die manier waarop ons dink oor die wêreld waarin ons leef te verander, want:

Die karakters:

- Wys vir ons verskillende reaksies op gegewe omstandighede wat werklike situasies wat ons ervaar het, kan weerspieël en ons kan dalk verskillende maniere vind om oor die lewe te dink
- Bied die lewe op die verhoog aan en ons kan na hulle kyk en onself in hulle wêreld sien en deur na hulle te kyk, kan ons dink oor wat ons graag in ons eie wêreld anderkant die verhoog wil verander

Die wêreld van die toneelstuk:

- Kan die manier waarop ons ons eie wêreld sien, uitdaag en ons daardeur laat heroorweeg hoe ons wil leef

Die temas en boodskappe:

- Die toneelstuk leer ons dalk van ons eie lewens: Terwyl ons na 'n toneelstuk kyk, verskyn die temas en boodskappe uit die dialoog en aksie. Ons kan die lesse wat ons in 'n toneelstuk leer, herken en op ons eie lewens toepas.

(6)

- 9.2.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n vermoë demonstreer om voor- en/ of nadele van 'n argument vir of teen die insluiting van TikTok-video's as deel van die Dramatiese Kunste-onderrig te ontleed en debatteer.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/ idees

Die volgende is 'n riglyn:

VIR die insluiting van TikTok in die Dramatiese Kunste-kursus:

- Hierdie gewilde sosialemedia-toep ('app') is pret en gebruikersvriendelik en jongmense hou daarvan om TikToks te maak, en maak sodoende die vak Dramatiese Kunste selfs meer aantreklik om te studeer
- Dit is 'n toep wat aan leerders bekend is en hulle sal by die onderwerp kan aansluit en op 'n onmiddellike manier daarvoor kan leer
- Dit is 'n proses wat kreatiwiteit, fokus en kennis van die onderwerp vereis en die leerders se ontwikkeling sal bevorder

TEEN die insluiting van TikTok in die Dramatiese Kunste-kursus:

- Dit is tydrowend en 'n afleiding weg van die kernkurrikulum
- Leerders mag afgelei word en dalk te veel tyd bestee op hulle selfone in die klas en doen nie hulle werk nie
- TikTok is 'n onbenullige tydvermorsende toep en leerders moet eerder hulle tyd aan opvoeringsvaardighede bestee en die waarde van lewendige teater ervaar

(4)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 150

BYLAE A: RUBRIEK VIR VRAAG 2, 3, 4, 5, 6 EN 7: 10 PUNTE

Nasieners moet opgelei word oor hoe om al ses die kognitiewe vlakke asook die vier denkprosesse te gebruik en toe te pas om die kandidaat se prestasie te meet.		
BESKRYWER	PUNT	DIE KANDIDAAT TOON 'N VERMOË OM
Uitstaande Metakognitiewe Denke oor Kennis Skep	9–10	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlakke en denkproses: Verander, lewer opnuut 'n uitstaande vlak met denke op 'n metakognitiewe vlak • Die antwoord: Skep, kontekstualiseer en gee 'n antwoord op 'n oorspronklike wyse en op 'n uitstaande vlak • Voorbeelde: Verskaf en evalueer 'n uitgebreide reeks insiggewende teoretiese en estetiese voorbeelde
Verdiensielik Proseduriële-Denke oor Kennis Evalueer	7–8	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlakke en denkproses: Evalueer en kom tot gevolgtrekking op verdienstelike vlak met denke op 'n prosedurevlak • Die antwoord: Ondersoek, kontekstualiseer en gee 'n interessante antwoord op 'n oorspronklike manier op 'n verdienstelike vlak • Voorbeelde: Verskaf analise van 'n wye reeks insiggewend gekose teoretiese en estetiese voorbeelde
Gemiddeld Konseptuele Denke oor Kennis Analiseer	5–6	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlakke en denkproses: Doen navraag, kontrasteer op gemiddelde vlak met denke op 'n konseptuele vlak • Die antwoord: Ondersoek, kontekstualiseer en gee 'n antwoord op 'n gemiddelde vlak • Voorbeelde: Verskaf en ondersoek voorbeelde
Elementêr Feitelike Denke oor Kennis Toepas	3–4	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlakke en denkproses: Identifiseer, organiseer en interpreteer op 'n elementêre vlak met denke op 'n feitelike vlak • Die antwoord: Verstaan en gee 'n reguit en voorspelbare antwoord op 'n elementêre vlak • Voorbeelde: Verskaf 'n paar voorbeelde
Behaal Feitelike Denke oor Kennis Verstaan/Begrip	1–2	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlakke en denkproses: Identifiseer en noem op 'n basiese vlak met basiese denke op 'n feitelike vlak • Die antwoord: Verstaan en verskaf 'n antwoord met 'n paar reguit basiese feite • Voorbeelde: Verskaf verkeerde voorbeelde of onvermoë om voorbeelde te verskaf
Nie behaal nie Feitelike Denke oor Kennis Onthou	0	<ul style="list-style-type: none"> • Kognitiewe vlakke en denkproses: Geen identifikasie of noem nie en sonder denke • Die antwoord: Geen begrip van die vraag en verskaf feite wat nie met die vraag verband hou nie • Voorbeelde: Verskaf geen voorbeelde nie

BLOOM SE TAKSONOMIE**Klassifiseringstelsel om verskillende vlakke van mensekennis te definieer en te onderskei**

Nasieners moet opgelei word oor hoe om al ses die kognitiewe vlakke asook die vier denkvlakke te gebruik en toe te pas om kandidate se prestasie te meet.

DIE KENNIS-DIMENSIE	↓ →	DIE KOGNITIEWEPROSES-DIMENSIE: 6 KOGNITIEWE VLAKKE					
		Onthou	Verstaan	Toepassing	Ontleding	Evaluering	Skep
4 DENK-PROSES-VLAKKE	Feitelik	Noem	Opsom	Reageer	Kies	Gaan na vir	Ontwikkel
	Konseptueel	Herken	Klassifiseer	Verskaf	Onderskei	Bepaal	Stel saam
	Prosedure	Herroep	Verklaar	Uitvoer	Integreer	Beoordeel	Ontwerp
	Metakognitiewe	Identifiseer	Voorspel	Gebruik	Dekonstrueer	Besin	Skep

1. Onthou

Herwin gememoriseerde inligting, kennis, feite, definisies, lyste, konvensies, neigings, reekse, klassifikasies, kategorieë, kriteria, metodologie en maniere/wyses om met spesifisiteite van die universele, abstraksiebeginsels, veralgemenings, teorieë en struktuur te hanteer

Noem Spesifiseer (tyd of plek) as iets gewens, voorgestel of op besluit word
Om te identifiseer, spesifiseer of by naam noem

Identifiseer Om 'n probleem, behoefte, feit, ens. te herken en te toon wat dit is en dat dit bestaan
Om te bewys wie of wat iemand of iets is

Kies Kies noukeurig, bepaal of besluit dat dit die beste of geskikste is

2. Verstaan

Konstrueer betekenis uit verskillende tipes kennis, organiseer, vergelyk, vertaal, interpreteer en haal uit

Verduidelik Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.
Gee 'n rede om te regverdig of te verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis)

Beskryf Om 'n gedetailleerde beskrywing van iets te gee, te vertel, te beskryf, uit te druk

Motiveer Gee 'n rede, bied feite en argumente aan om iets te ondersteun, noem iets

3. Toepassing

Om 'n prosedure uit te voer, te implementeer of te gebruik om 'n probleem in 'n nuwe situasie op te los of te ontwikkel deur toepassing van verworwe kennis, feite, reëls, tegnieke

Voorstel Lei tot, argumenteer, toon, wys, dui aan dat (iets) bestaan of die geval is
Vir oorweging voorstel
Om 'n idee, moontlike plan of aksie aan ander mense te noem vir oorweging
Om 'n idee uit te dink/voort te bring

4. Ontleding

Breek inligting in dele op. Bepaal hoe die dele verwant is deur identifisering, onderskeiding of organisering van elemente, verhoudings, beginsels, motiewe, doelwitte of oorsake. Maak afleidings/gevolgtrekkings en vind bewyse om veralgemenings te ondersteun.

Reageer/Antwoord Antwoord/Reageer in woorde

Bespreek Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit

Skryf Skryf, stel saam, produseer

Ontleed Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer

Oorweeg Dink aandagtig oor iets, tipies voordat 'n besluit geneem word of 'n oordeel/keuse gemaak word

5. Evaluering

Om opinies/menings aan te bied en te verdedig deur oordele oor inligting, geldigheid van idees, of gehalte van werk te maak gebaseer op 'n stel kriteria en standaard met behulp van kontrolering/nagaan en kritiek

Evalueer Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebeoordeling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei

6. Skep

Gebruik kreatiewe individuele insig en gedagtes om inligting te herorganiseer en saam te stel deur die ontwikkeling, beplanning en skep van 'n nuwe patroon, produk of struktuur

Skep Ontwikkel uit eie denke of verbeelding, as 'n kunswerk, 'n uitvinding of iets nuuts
Gee aanleiding tot ontstaan/oorsprong